Funksionele Wiskunde SG VR2 **November 2007**

Die kandidate se werk was netjies en georden. Die instruksies is goed toegepas. Daar was egter verskeie kandidate wat meer as die voorgeskrewe aantal afdelings beantwoord het. Afdeling A en B is verpligtend, en is deur al die kandidate beantwoord. Die keuse van twee afdelings uit die oorblywende vier afdelings is nie altyd so goed beantwoord nie. Afrondingsfoute het ook voorgekom.
Kandidate het nie hul sketsblaaie gebruik nie.

AFDELING A: ANALITIESE MEETKUNDE

VRAAG 1 en 2
Hierdie afdeling is baie goed beantwoord. Kandidate het meestal die regte formules toegepas, korrekte waardes ingestel en by sinvolle antwoorde uitgekom. Sommige kandidate het middelpunte bereken as hulle gradiënte moes uitwerk en andersom. Vraag 1 is die heel beste beantwoord.
Vraag 1.5 Sommige kandidate kon nie aandui dat die produk van loodregte lyne gelyk is aan –1 nie.
Vraag 2 Baie min kandidate kon die *x*-afsnit van 'n reguitlyn bereken. Om die vergelyking van 'n reguitlyn of sirkel te bepaal, was ook vir hulle moeilik.

AFDELING B: TRIGONOMETRIE

VRAAG 3, 4 en 5
Hierdie afdeling is ook baie goed beantwoord.
'n Algemene fout wat voorgekom het, is dat die sinformule by alle vrae gebruik is. Kandidate het oor die algemeen meer probleme ondervind by vraag 4, wat merendeels die cos-formule getoets het.
Afrondingsfoute het die meeste in hierdie afdeling voorgekom.

AFDELING C: BOOGMAAT

VRAAG 6 en 7
Vraag 6 is redelik beantwoord, maar vraag 7 is swak beantwoord. Verskeie kandidate het vraag 6 nie eers probeer doen nie, al het hulle die afdeling gekies. Kandidate weet nie hoe om van ? radiale na grade om te skakel nie, bv $\frac{1}{4}? = 45°$. (Vraag 6.2).
Vraag 7.2 is baie swak beantwoord, want kandidate het nie die formule geken om volume te bereken nie.

AFDELING D: VERHOUDING, EWEREDIGHEID EN GELYKVORMIGHEID

VRAAG 8 en 9
Hierdie afdeling is oor die algemeen redelik goed beantwoord. Die meeste kandidate het probeer om die afdeling te doen Kandidate het nie altyd geweet hoe om verhoudings van sye neer te skryf nie. (Vraag 8.1.1, 8.2.1, 8.2.6 en 9.2.2)
Kandidate het ook nie die volgorde van gelykvormige driehoeke reg neergeskryf nie. (Vraag 8.2.5)

AFDELING E: VERBRUIKERSWISKUNDE

VRAAG 10 en 11
Hierdie afdeling is oor die algemeen redelik swak beantwoord. Vraag 10.1 is redelik goed beantwoord, alhoewel kandidate nie in ag geneem het dat rente kwartaalliks saamgestel is nie. Vraag 10.2 is baie swak beantwoord. Die paaiementformule is in meeste gevalle nie toegepas nie. Vraag 11 is baie swak beantwoord.

AFDELING F: STATISTIEK

VRAAG 12 en 13
Hierdie afdeling is uiters swak beantwoord. Slegs enkele kandidate het gekies om die afdeling te doen. Hulle het geen kennis van 'n standaardafwyking (vraag 12.7) of kumulatiewe persentasiegrafiek (vraag 13.2) nie. Dit is duidelik dat hierdie afdeling glad nie in skole onderrig word nie, tog het kandidate gepoog om dit te doen.